

10 APRIL

SKRIFGEDEELTE: EFESIËRS 3:14-20
FOKUSGEDEELTE: EFESIËRS 3:16, 17

Leef biddend!

Alle gelowiges moet biddend lewe. Daar moet by ons geloofsgroei wees: Dit gebeur as ons elke dag 'n bekeringslewe leef. So kom ons in die volle genade van God die Heilige Gees.

Dit is vir ons dalk vreemd om te dink dat mense – en soms 'n hele gemeente – op hulle knieë kan gaan staan en bid, maar in die Ou-Testamentiese tyd en in Paulus se tyd was dit baie algemeen. Die Here het al vir Jesaja gesê dat elke knie voor Hom sal buig om Hom te aanbid. In die tuin van Getsemane het Jesus op sy knieë gestaan en bid die nag toe Hy verraai is. Later het Paulus en die ouderlinge van Efese eenkeer saam gekniel en gebid, en by nog 'n geleentheid het die vrouens en kinders ook saamgeloop strand toe en daar het almal saam gekniel en gebid.

Elke mens wat besef wat dit beteken dat Jesus Christus gesterf het sodat ons suiwer uit genade verlos is tot die ewige lewe, kan nie anders nie: Hy gaan dadelik op sy knieë en aanbid en dank God. In iemand by wie die ware geloof en ware liefde wat in woorde en werke tot uitdrukking kom, nie voorkom nie, verdonker die gemeenskapsverhouding tussen hom en die Here. Om die rede is die gebed noodsaaklik dat die inwoning van Jesus Christus en God die Heilige Gees duursaam in ons sal wees, sodat daar nie verval by ons intree nie.

As verhoring van ons gebede gee die Here deur sy Gees aan ons die krag om innerlik versterk te word dat Christus deur die geloof in ons harte woon. Hy wortel en grondves ons in sy liefde. So het die werk van verlossing en wedergeboorte sy voortgang in ons. So werk die Heilige Gees 'n verskeidenheid van genadegawes en bekwaamheid in ons.

Ons het ook 'n verantwoordelikheid wat nagekom moet word. Daar moet 'n bepaalde groei in ons plaasvind, naamlik 'n groei dat ons so 'n mate van wasdom en sterkte bereik, dat ons alles wat eie aan die sonde is, kan weerstaan en oorwin. In Efesiërs 4:24 staan dat die Efesiërs hulle “met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.” Dit geld ook vir ons.

Dr Thinus du Plessis (Bellville)